**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 2 EENHEID 6: FUNKSIES VAN MARKTE**

***<u>MEMORANDUM</u>***

’n Persoon met min kennis van Ekonomie maak die volgende stellings: “Wat is hierdie markte wat ekonome so baie van praat? Ek het nog geen kennisgewingborde gesien met *mark vir goedere* op geskryf nie. Ek weet ook nie wie die markte beheer nie. As ek ’n sakeman is kan ek tog my pryse so hoog stel as wat ek wil. En kompetisie? Wat is die sogenaamde kompetisie wat sakemanne en verbruikers glo aan onderhewig is?”

**1 Wat is ’n mark?**

’n Mark is enige plek of omstandigheid waar kopers en verkopers kan ontmoet om transaksies te beklink.

**2 Waarom hoef die staat nie markte te reguleer nie?**

Markte is selfregulerend deur middel van vraag, aanbod en pryse en funksioneer effektief sonder staatsinmenging.

**3 Wat behels die kompetisie wat sakemanne aan onderhewig is?**

Kompetisie ontstaan uit mede sakemanne wat dieselfde produk verkoop en wat bereid is om teen ’n laer prys te verkoop.

**4 Is daar ook kompetisie tussen verbruikers?**

Ja. Verbruikers ding met mekaar mee om produkte teen laer pryse te bekom.

**5 Wat is die voordeel van kompetisie tussen sakemanne vir verbruikers t.o.v prys?**

Die kompetisie hou pryse laag.

**6 Waarom is eiebelang belangrik vir die werking van die markekonomie?**

As elke individu sy eie belang bevorder werk dit mee om die belange van die gemeenskap te bevorder.

**7 Kan ’n enkele verbruiker pryse op ’n mark beïnvloed?**

Nee. Die optrede van ander verbruikers sal die invloed van ’n enkele verbruiker beperk.

**8 Noem enige drie funksies van markte in ’n markekonomie.**

(a) Markte bring vraag en aanbod by mekaar om pryse te vorm (b) Dit sorg dat produksiemiddele toegedeel word (c) Dit sorg dat goedere en dienste toegedeel word.